Welkom by die aanddiens! Ons glo jy gaan dit saam met ons geniet en dat Jesus iets nuuts van Homself aan jou gaan kom wys!

Indien jy nuut is, en graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te kry met inligting, vul asseblief die Wit Bladjies tussen die stoele in en gooi dit in die hout posbusse by die deure soos jy uitstap na die diens.

Impacting people to follow Jesus

1. Christus in Ons

"en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."
Galasiërs 2:20

Johannes 15:1-6

- Hoekom is dit dat ons settle vir iets soos Christenskap is net vergifnis van sonde en nie veel meer nie?
- Hoekom sukkel ons om vir mense te verduidelik dat die Christelike lewe wonderlik is?
- Wat gebeur werklik met ons as ons tot bekering kom en Jesus aanneem as Here?

*Notas:*_____
_____
_____
_____

- In Jesus is daar lewe en Hy is lewe
- Jesus het geleef en gedoen wat Hy gedoen het deurdat Hy in die Vader was en die Vader in Hom
- Jesus het gekom om vir ons Goddelike lewe in oorvloed te gee sodat ons nie in ons eie krag daardie lewe hoef te leef nie
- Sonder Jesus in ons kan ons niks doen nie
- Die misterie van die Christelike lewe is: Christus in ons

*Notas:*_____
_____
_____
_____

Bloemfontein Baptiste Kerk

Bloemfontein Baptiste Kerk

News Flash

VOLG DIE MEESTER

Ons begin Sondag 7 Februarie met 'n nuwe reeks in die kerk – Volg die Meester. Indien jy wil deel raak van 'n kleingroep en wil inskakel met die reeks, nooi ons jou graag uit na Woensdae aande 18h30 in die Timoteussaal waar ons saam deur die kursus gaan werk en nuwe kleingroepe gaan vorm. Werksboekies vir die reeks is te koop by die inligtingstoonbanke vir R20.

mystorie@kerk.co.za

Ons wil graag hoor hoe Jesus jou lewe kom verander het as gevolg van jou betrokkenheid en deelname by ons kerk. Email ons asb by mystorie@kerk.co.za en deel jou storie met ons.

DRAAIPUNT

Ons bediening vir graad 6-7 kinders tydens die oggenddienste staan bekend as Draaipunt. Ons het 'n klomp jong tieners wat van Jesus op hulle vlak leer. Ons het die waarde gesien wat verhoudings tussen jong tieners en volwassenes het vir hulle groei in hulle verhouding met Jesus. Indien jy deel wil wees van hierdie span wat jong tieners bedien met Jesus, kontak gerus vir John by john@kerk.co.za

VOORHUWELIKSKURSUS

Vir almal wat wil trou bied ons 'n voorhuwelikskursus aan. Die volgende een is 3-4 Junie 2016. Vir meer navrae, kontak Nala by nala@kerk.co.za